191. T. 7 (46)

(Vir vrystelling op Woensdag, 11 Desember 1963, om 6nm.)

(For release on Wednesday, 11th December, 1963, at 6 p.m.)

(Second part in English)

# DIE NUWE BEELD VAN ONS WEERMAG

Deur prof. dr. H.B. Thom, Rektor van die Universiteit van Stellenbosch

(Rede gelewer by geleentheid van die Voorstellingsparade, Militêre Akademie, Saldanha, 11 Desember 1963)

# THE NEW IMAGE OF OUR DEFENCE FORCES

By Professor H.B. Thom, Rector of the University of Stellenbosch

(Address delivered on the occasion of the Passing-out Parade, Military Academy, Saldanha, 11th December, 1963)

Toe die verérende uitnodiging tot my gerig is om by hierdie geleentheid die woord te voer, het ek nie lank geaarsel om die uitnodiging aan te neem nie. Ek het immers regstreeks en onregstreeks heelwat met die ontstaan van die Militêre Akademie te doen gehad; en ek het van die begin af met voldoening en vreugde die vooruitgang van die Akademie gevolg. Wat meer is, 'n mens verwelkom dit om by 'n geleentheid soos hierdie op sekere aspekte van ons Weermag, soos dit van buite af gesien word, te let, en om meer bepaald dan die betekenis van die Akademie in verband met daardie aspekte te bepaal.

Ditis/.........

Dit is vir my moeilik om met 'n enkel woord 'n bevredigende, saaklike titel vir my rede aan te gee. Indien ek dit sou moes doen, sou ek sê dat ek wil praat oor: Die Nuwe Beeld van Ons Weermag. Daarmee bedoel ek dat ek wil nagaan welke beeld daar vandag van ons Weermag by die gemiddelde, denkende Suid-Afrikaner bestaan; en ook welke rol die Akademie gespeel het, en nog speel, om daardie beeld te help vestig.

Vanselfsprekend het ons hier met 'n baie groot onderwerp te doen, só omvangryk inderdaad dat 'n mens in die kort tydsbestek van 'n rede soos hierdie nie daaraan kan dink om selfs maar enigsins op volledigheid aanspraak te maak nie. Laat ons dus probeer om slegs enkele hoofpunte na te gaan.

Engelssprekendes en Afrikaanssprekendes, wat die vernaamste twee blanke taalgroepe in die Republiek van Suid-Afrika uitmaak, het albei 'n ou en sterk militêre tradisie. Die militêre tradisie van Engelssprekendes gaan baie ver terug: deur 'n paar honderd jaar heen is dit gevestig, en het dit in die geskiedenis van die Britse moederland, en van Britse gebiede oor die oseane, 'n uiters betekenisvolle faktor geword. Kyk ons na die uitgebreide literatuur wat oor die Britse militêre geskiedenis verskyn het - in Brittanje self, in Statebondslande en selfs in lande buite die Statebond - dan word dit al gou duidelik dat die militêre gebeure sterk tot die mense van die moederland en die dogtergebiede spreek. In hierdie militêre gebeure, en veral in die tradisie wat daardeur verteenwoordig word, is daar 'n verskeidenheid

van/...........

van belangrike bestanddele, bv. die bepaling van die landsbeleid in oorlogstyd, die vasstelling van die krygstrategie, die middele van krygsvoering op land, op see en - in die jongere tyd - in die lug, die voorsiening van krygs- en ander voorrade in oorlogstyd, en die optrede van die indiwiduele krygsman self. Deur die kumulatiewe werking van die optrede op al hierdie terreine het 'n tradisie ontstaan wat vir tal van Engelssprekendes inderwaarheid 'n bron van besieling geword het. Hierdie tradisie het Engelssprekendes, d.w.s. owerheid en indiwidue, van vroeg af met hulle saamgedra; en hulle het dit begryplikerwyse ook na Suid-Afrika gebring.

Die militêre tradisie van die Afrikaner is ook baie sterk, ofskoon, in engere sin gesien, nie so oud soos dié van die Engelssprekende nie. Indien ons na die vernaamste stamlande van die Afrikaners sou teruggaan, soos Nederland, Duitsland en Frankryk, dan sou die militêre tradisie van die Afrikaner ook baie ver teruggevoer kon word. Maar so 'n ruime, vaagomlynde beskouing sou nie aanvaar kan word nie; en as ons van Afrikaanssprekendes of Afrikaners praat, moet ons in terme van Suid-Afrika dink. Ons kom dan tot die gevolgtrekking dat die militêre tradisie van die Afrikaner, net soos die Afrikaanse volk self, jonk is, en dat dit meer aan tyd en plek gebonde is.

Van vroeg af in ons geskiedenis, en vir baie jare, het die Afrikaanssprekende noodgedwonge in die rol van baanbreker opgetree. Hy was grotendeels op homself aangewese, en in die ou Kaapse binneland het hy begin om sy militêre stelsel en tradisie op te bou.

Die kommandostelsel, waarvan die grondstene was offervaardigheid, persoonlike dapperheid, getrouheid, en 'n baie sterk gevoel van vaderlandsliefde by kommandolede, het weldra die uitgangspunt geword. In die Kaapse binneland, in die stryd teen inboorlinge, was die kommandostelsel klein en beperk; gedurende die Groot Trek is dit uitgebrei en verbeter; en later, toe Boere- en Britse magte met mekaar in botsing gekom het, is dit nog verder ontwikkel en verbeter. Die militêre tradisie van die Afrikaner het dus in sy eie land tot uiting gekom, en wel wanneer noodtoestande in sy eie land dit noodsaaklik gemaak het. Maar, en hierop moet ons agslaan: ofskoon die militêre tradisie van die Afrikaanssprekende veel jonger is as dié van die Engelssprekende, is dit, wat Suid-Afrika self betref, nie minder sterk nie.

Ons sien dus dat ons in ons land twee blanke taalgroepe langs mekaar het, waarvan elkeen 'n inhoudryke militêre verlede en 'n lewenskragtige militêre tradisie het. Die gesamelike potensiaal van hierdie twee groepe op militêre gebied moet dus ongetwyfeld baie aansienlik wees.

Nou is dit egter 'n feit dat hierdie gesamelike potensiaal in die verlede nog nooit na behore tot ontplooiing gekom het nie. Gedurende die Anglo-Boereoorlog het Boer en Brit in heftige stryd met mekaar gekom, en het die Britse magte die oorwinning behaal, wat op die ondergang van die Boererepublieke uitgeloop het. Die militêre tradisies van die twee taalgroepe kon, begryplikerwyse, nie ineens bondgenote van mekaar word nie; inteendeel, hulle het ver weg van mekaar gestaan.

Enige/.......

Enige jare daarna het, na langdurige, versigtige onderhandelinge, die Unie van Suid-Afrika tot stand gekom, en het dit geskyn asof Engelssprekende en Afrikaanssprekende op militêre gebied nader na mekaar toe sou kom om één groot, heg-verenigde Suid-Afrikaanse weermag op te bou. Maar weer het daar ongelukkige omstandighede ingetree, wat meegebring het dat hierdie hegte samesluiting nie plaasgevind het nie. Twee wêreldoorloë het plaasgevind, waaroor daar tussen Engelssprekendes en 'n groot aantal Afrikaners ernstige verskille van mening was. Ofskoon Afrikaners die feite van die geskiedenis aanvaar het, en hulle daarby neergelê het dat Suid-Afrika aan hierdie oorloë deelgeneem het, het 'n groot aantal van hulle nooit enige geesdrif vir hierdie oorloë gehad nie, en sou hulle ook liewer uit die oorloë wou gebly het. Sulke feite was nie daarop bereken om Engelssprekende en Afrikaanssprekende op die militêre terrein nader na mekaar te trek nie; veeleer was daar Afrikaners wat in hulle harte gevoel het dat die weermag van die land by uitstek iets van die Engelssprekendes was, en dat die Afrikaners dit nie met trots ook vir hulleself as hulle eiendom kon toe-eien nie.

Met groot dankbaarheid het ons daarvan kennisgeneem dat hierdie beeld van ons Weermag in die nuwere tyd vinnig verander het. Afrikaanssprekendes het 'n veel meer aktiewe aandeel aan die sake van ons Weermag begin neem; Afrikaanssprekendes het die Weermag ook as hulle eiendom en hulle trots aanvaar; en Afrikaanssprekendes en Engelssprekendes het mekaar in die Weermag in hartlike samewerking en gesonde wedersydse agting gevind en gewaardeer.

Ons Weermag, en by name die nuwe beeld daarvan, het vandag 'n magtige faktor in die samevoeging van die kragte van Engelssprekendes en Afrikaanssprekendes geword. Vir die eerste keer in ons geskiedenis sien ons nou die moontlikheid dat, indien ons land verplig mag word om sy veiligheid met die wapen in die hand teen 'n aanvaller te verdedig, daardie aanvaller met die volle, gesamelike potensiaal van die militêre tradisie van sowel die Engelssprekende as die Afrikaanssprekende te doen sal kry. Ons moet dit duidelik stel: Daar is nie één van ons wat begeer dat sodanige optrede deur ons land ooit nodig sal wees nie, maar dit is vir ons nietemin gerusstellend om te weet dat, indien ons Weermag moet optree, dit nie hoofsaaklik die mense van die een of ander taalgroep sal wees wat optree nie, maar die mense van albei taalgroepe saam. Die militêre tradisie van Engelssprekende en Afrikaner sal dan heg verenig wees om saam net één groot, gemeenskaplike ideaal te soek en te dien, nl. die veiligheid en die welsyn van die Republiek van Suid-Afrika. Só sien ons vandag ons Weermag. Hierdie beeld daarvan is vir ons nie net gerusstellend nie, dit is vir ons waarlik besielend vir die toekoms.

George Bernard Shaw het, met verwysing na verskille tussen Engeland en die Verenigde State, by geleentheid gesê: „England and America are two countries separated by the same language". Dit mag na 'n teenspraak klink. Maar laat ons, met verwysing na Suid-Afrika, met 'n uitspraak volg wat eweseer na 'n teenspraak mag klink: „South Africa is one country unified by two languages". Die nuwe beeld van ons Weermag kan ons baie hiertoe help.

Daar/..........

Daar is 'n ander baie belangrike aspek van die beeld van ons Weermag, wat vandag meer en meer die aandag trek. Ek verkies om hierdie aspek in Engels te stel, aangesien ek my by hierdie geleentheid begryplikerwyse ook van ons ander landstaal wil bedien, en aangesien ek gesteld daarop is dat hierdie aspek veral ook by ons Engelssprekende mede-burgers tuisgebring sal word.

We are witnessing here today not only the fine results of the work of the Military Academy as a Government institution for military training, but also the achievements of students of the University of Stellenbosch, the university which I have the honour to represent. By an agreement between the Government and the University, which was carefully and patiently negotiated, the Military Academy became the Faculty of Military Science of the University. This means inter alia that the University has control over the courses studied at the Academy; that the University has to approve of all appointments on the teaching staff of the Academy; that the examinations at the Academy are conducted by the University, and that the University in the end awards degrees to successful students. In this way the University makes sure of the quality of studies at the Academy, and also certifies that quality by the award of its own degrees.

In this we see illustrated one of the salient features of the development of university training in South Africa in recent years. The last few years have witnessed far-reaching steps by the Department of Education, Arts and Science, and indeed also by other Government Departments, to provide facilities for

university/....

university training for various categories of the country's population. In a short time some five university institutions for non-white persons have been founded; and latterly plans have been considered in various quarters with a view to establishing, at strategic centres, additional university facilities for white students.

I am aware that this policy has come in for a good deal of criticism. However, if I may be permitted to state my view, I would only say that I welcome these steps whole-heartedly. It has been said that we suffer from a serious shortage of the necessary man-power for staffing additional university institutions, but we should remember that vast progress is being made in South Africa, and that an enormous potential for future development is in evidence on all sides.

The increase of facilities for university study for different categories of people must, if properly planned, wisely located, and carefully directed, also lead to an increased production of that scarce commodity, the qualified human material needed to staff universities. If we were to lag behind as far as the provision of university facilities is concerned, we should be lagging behind in a field where Commonwealth countries, without exception, and the United Kingdom itself, are driving ahead at a furious pace. At the great quinquennial meeting of Commonwealth Universities in London some months ago, the question of establishing new universities was one of the favourite topics of discussion, and Britain - with its

variety of new universities - showed the way to the younger countries. In the final analysis we find that there is no denying the fact that the world in general - and South Africa in particular - is badly in need of universities, and more universities, to produce the men and women who are to become the leaders in the various fields of the complicated world of to-morrow.

Coming back to the Military Academy, I do wish to stress the fact that its affiliation with the University of Stellenbosch and its organisation as the Faculty of Military Science of the University, have ensured its status as an institution of higher learning and have created a very real bridge between the Military and the University. This, in turn, is having its impact on the image of our Defence Forces in the minds of South Africans. There was a time, not very long ago, when the University and the Military were regarded as two different worlds. The realization has, however, clearly dawned upon us that modern warfare, let alone future warfare, is no more a matter of personal ability, personal determination and personal bravery, but primarily a matter of research apparatus, of the test tube and of studies in the procurement and distribution of essential commodities in times of crisis. It has become encumbent upon the military leaders of the future to be students in the best sense of the word, and to be able to act wisely and with confidence in matters which have become increasingly complicated. The achievements of the students of our Faculty of Military Science are helping to give a new meaning to our Defence Forces of

the future; and are helping to put our Defence Forces, whether Army, Air Force or Navy, on a new level. For this new aspect of our Defence Forces we are most grateful, because we know that new spiritual foundations are being laid, which in future will prove to be of profound significance to our Forces, to our country as a whole, and indeed to every single one of those men and women who have made this country their permanent home.

In conclusion I wish to express my sincere appreciation to those who have made possible these new developments. The Military Academy and the military courses at the University were largely the results of the personal interest shown in these matters by the then Minister of Defence, the Hon. F.C. Erasmus; and the reorganisation of the Military Academy as the Faculty of Military Science was achieved during the time of the present Minister of Defence, the Hon. J.J. Fouché. To these two Ministers we are deeply indebted for what they have done.

A word of sincere gratitude must also go to the Secretary of the Department of Defence, Mr. J.P. de Villiers, and to military leaders, especially Commandant-General C.L. de Wet du Toit and his successors, Commandant-General H.B. Klopper, Commandant-General S.A. Melville and Commandant-General P.H. Grobbelaar.

In addition, on behalf of the University, I wish to thank the officer commanding the Military Academy, Col. (Prof.) P.J.G. de Vos, who is also Dean of the Faculty, and his staff for their real

enthusiasm/....

enthusiasm, continued hard work and unfailing support in all matters relating to the Academy and the Faculty. While thanking them, I also wish to congratulate them most heartily on the grand work they have been doing.

Finally, I wish to extend my hearty congratulations to the students who have been successful in their studies and receive their commissions today. For them, and for their parents, this is a great day. May each one of these young men find on this memorable occasion greater happiness and inspiration in his renewed dedication to the service of the land we all love. We are proud of them. They compare well with the products of the Military Colleges of the great nations of the West. It is gratifying to know that we can depend on them, and that they will stand firm should the day come when they, with their colleagues, are called upon to assume responsibility for the safety of our country.

To me it has been a happy experience to be connected with these proceedings and to stress a few aspects of the new image of our Defence Forces. I have been deeply moved to see the way English-speaking and Afrikaans-speaking young men are learning to know and to respect one another; and I am most thankful for the bridge which has been built between the Military and the University worlds.

May the overriding impression left on our minds by this inspiring ceremony be the indelible realization that we are doing a fine thing for South Africa, and a fine thing for those who follow after. May the work that we do and the results

that we achieve be judged not merely by the ephemeral criteria of passing, visible things, but by the enduring criteria of spirit and mind. May posterity then, when passing judgment, find that we have built a fine heritage, and that we have well and truly served Civilization and Christianity and the other great things that really matter.

---oOo---